Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette **No. 10042** *Regulasiekoerant*

Vol. 580 **Pretoria, 23 October / Oktober 2013** **No. 36962**

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

36962
9771682584003

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS • INHOUD

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
Vervoer, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 817	Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie (7/1998): E-pad Regulasies	3	36962
R. 818	do.: Spesifikasie Regulasies	23	36962
R. 819	do.: Regulasies oor vrystellings van die betaling van tol	26	36962
R. 820	Nasionale Padverkeerswet (93/1996): Regulasies ingevolge die Nasionale Padverkeerswet	40	36962

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 817 **23 Oktober 2013**

DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998):

E-PAD REGULASIES

Ek, Dipuo Peters, die Minister van Vervoer maak die regulasies in die Bylae ingevolge artikel 58(1)(dA) en (dC) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998) ("die Wet").

Dipuo Peters

Minister van Vervoer

Bylae

1. Woordomskrywings

In hierdie regulasies het 'n woord of uitdrukking wat in die Wet omskryf is dieselfde betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"alternatiewe gebruiker" 'n gebruiker wat nie 'n geregistreerde e-tag gebruiker, 'n geregistreerde VLN gebruiker, 'n dagpasgebruiker vir die e-pad wat gebruik word of 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker is nie;

"dagpasgebruiker" 'n gebruiker wat 'n e-pad gebruik met 'n dagpas vir sodanige e-pad, welke dagpas ingevolge regulasie 4 beoog en uitgereik is;

"die Wet" die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998);

"e-pad" 'n tolpad waar die aanspreeklikheid vir die betaling van tol vir die gebruik van die pad slegs deur elektroniese of elektriese toerusting by 'n tolplaza aangeteken word;

"e-tag" 'n elektroniese toestel wat aan 'n spesifieke motorvoertuig aangebring is ingevolge die Spesifikasi-Regulasies om sodanige motorvoertuig te identifiseer wanneer dit onderdeur 'n tolportaal beweeg;

"e-tag krediet" 'n bedrag geld wat in die rekords van die Agentskap aangedui word teen die e-tag van 'n nie-geregistreerde gebruiker, en waar die geldelike krediet verminder deur die bedrag van tol verskuldig ingevolge die e-toltransaksie deur die gebruiker van die motorvoertuig waarby die e-tag aangebring is;

"e-tol kliëntedienssentrum" 'n sentrum soos bepaal deur die Agentskap in die Voorwaardes vir die Betaling van Tol wat deur die Agentskap gepubliseer is ingevolge artikel 27(1)(b) van die Wet;

"e-tolrekening" 'n rekening wat by die Agenstkap geopen is deur 'n persoon wat deur sy of haar beoogde gebruik van 'n e-pad verantwoordelikheid om tol vir daardie gebruik op te doen, en wat van voorneme is om sodanige aanspreeklikheid deur sodanige rekening te vereffen, en waar sodanige rekening aan die VLN gekoppel is;

"e-toltransaksie" die aantekening van die deurgang van 'n motorvoertuig onderdeur 'n tolportaal en die gelyktydige aantekening van die aanspreeklikheid van die gebruiker van daardie motorvoertuig om tol te betaal vir die gebruik van daardie motorvoertuig op die pad waar die tolportaal geleë is;

"gebruiker" 'n persoon wat 'n motorvoertuig bestuur of daarvan gebruik maak op 'n tolpad en "gebruik" of "bestuur" of enige soortgelyke woord het 'n ooreenstemmende betekenis;

"geregistreerde e-tag gebruiker" 'n gebruiker wat vir 'n spesifieke motorvoertuig by die Agentskap geregistreer is en wat aan al die vereistes van hierdie regulasies voldoen, en waar sodanige gebruiker versoek dat e-toltransaksies met betrekking tot die motorvoertuig aangeteken word deur 'n e-tag wat aangebring is op die motorvoertuig en waar ten tye van die e-toltransaksie sodanige gebruiker -

(a) voldoende fondse in sy of haar e-tolrekening het om vir die tol wat op die e-toltransaksie van toepassing is, te betaal;

(b) sy of haar e-tolrekening gekoppel is aan 'n betalingsmetode wat deur die Agentskap aanvaar word; of

(c) 'n ooreenkoms met die Agentskap het om vir e-toltransaksies te betaal by wyse van 'n metode wat verskil van (a) of (b) hierbo genoem.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

"geregistreerde gebruiker" 'n gebruiker wat as of 'n e-tag gebruiker of 'n VLN gebruiker by die Agentskap ingevolge hierdie regulasies geregistreer is om e-tol te betaal;

"geregistreerde VLN gebruiker" 'n gebruiker wat vir 'n spesifieke motorvoertuig by die Agentskap geregistreer is en wat aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen, en waar sodanige gebruiker versoek dat e-toltransaksies met betrekking tot die motorvoertuig aangeteken word deur die VLN van die motorvoertuig te gebruik en waar, ten tye van die e-toltransaksie, sodanige gebruiker -

(a) voldoende fondse in sy of haar e-tolrekening het om vir die tol wat op die *e-toltransaksie* van toepassing is, te betaal;

(b) sy of haar e-tolrekening gekoppel is aan 'n betalingsmetode wat deur die Agentskap aanvaar word; of

(c) 'n ooreenkoms met die Agentskap het om vir e-toltransaksies te betaal by wyse van 'n metode wat verskil van (a) of (b) hierbo genoem.

"inbelsentrum" die e-tolinbelsentrum geskep deur die Agentskap en bereikbaar by 0800 SANRAL (726725);

"klas motorvoertuig" 'n kategorie van motorvoertuig beoog in artikel 27 van die Wet;

"motorvoertuig" 'n motorvoertuig soos in die Nasionale Padverkeerswet omskryf: Met dien verstande dat vir die doeleindes van die aanbring van 'n e-tag, 'n sleepwa nie as 'n motorvoertuig beskou word nie;

"Nasionale Padverkeerswet" die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996);

"nie-geregistreerde e-tag gebruiker" 'n gebruiker wie se motorvoertuig met 'n e-tag toegerus is waarteen genoegsame e-tag-krediet in die rekords van die Agentskap, ten tye van die e-toltransaksie vertoon word, om te betaal vir die tol wat verskuldig is ten opsigte van daardie e-toltransaksie, maar war die gebruiker nie ingevolge hierdie regulasies by die Agentskap geregistreer is nie.

"Spesifikasie-Regulasies" regulasies wat kragtens artikel 58(1)(dB) van die Wet gemaak is;

"tolportaal" 'n tolplaza waar die aanspreeklikheid om tol te betaal aangeteken word deur elektriese of elektroniese toerusting;

"VLN" die motorvoertuig lisensienommer wat toegeken is aan 'n motorvoertuig ingevolge artikel 4(3) van die Nasionale Padverkeerswet of ingevolge die wetgewing van die land waarin die motorvoertuig geregistreer is; en

"webwerf" die e-tol webwerf wat deur die Agentskap geskep is en bereikbaar is by www.sanral.co.za.

2. Registrasiestelsel

(1) Enige persoon wat kies om te registreer as –

(a) 'n dagpasgebruiker;

(b) 'n geregistreerde e-tag gebruiker; of

(c) 'n geregistreerde VLN gebruiker,

van 'n e-pad kan ingevolge hierdie regulasies registreer.

(2) 'n Gebruiker van 'n motorvoertuig op 'n e-pad wat, ten tye van sy of haar gebruik, nie geregistreer is ingevolge subregulasie (1) is nie, moet gekategoriseer word as of -

(a) 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker; of

(b) 'n alternatiewe gebruiker,

soos die geval, mag wees.

(3) Die gebruik van 'n e-pad en die aanspreeklikheid om tol te betaal vir enige e-tol transaksies deur 'n persoon wat as 'n geregistreerde gebruiker of 'n dagpas gebruiker geregistreer is, is onderhewig aan die Wet en hierdie regulasies en enige persoon aldus geregistreer onderneem om aan die Wet en hierdie regulasies te voldoen.

3. Registrasie as 'n e-tag of VLN gebruiker

(1) 'n Persoon wat 'n e-pad gebruik kan by die Agentskap aansoek doen om as 'n e-tag gebruiker of 'n VLN gebruiker vir 'n spesifieke motorvoertuig te registreer en om 'n e-tolrekening oop te maak deur die inligting in subregulasie (2) bedoel te verskaf en deur–

(a) 'n vorm verkrygbaar van 'n e-tol kliëntedienssentrum of die webwerf, soos in Aanhangsel A tot hierdie regulasies aangetoon, te faks na die nommer wat op die vorm aangedui is;

(b) sodanige vorm deur 'n elektroniese posboodskap na die e-posadres wat op die vorm aangedui is, te stuur;

(c) op die webwerf aan te meld en die vereiste inligting te verskaf;

(d) die vereiste inligting by 'n e-tol kliëntedienssentrum te verskaf; of

(e) die inbelsentrum te skakel,

en in elke geval die inligting en dokumentasie soos in subregulasie (2) bedoel aan die Agentskap te verskaf.

(2) Die volgende inligting, soos van toepassing, moet aan die Agentskap verskaf word saam met die aansoek in subregulasie (1) bedoel:

(a) Die name en van van die aansoeker om registrasie;

(b) die identiteitsdokument of besigheidsregistrasie nommer van die aansoeker om registrasie;

(c) die VLN, maak, model en kleur van die motorvoertuig, en indien deur die Agentskap verlang, die voertuigregisternommer soos op die motorvoertuig lisensieskyf aangedui is, van die motorvoertuig wat op 'n e-pad gebruik staan te word deur die persoon wat aansoek doen om registrasie of wat op die e-pad gebruik sal word deur die persoon wat ten opsigte waarvan daardie motorvoertuig op die e-pad die persoon wat aansoek doen om registrasie aanspreeklikheid vir die betaling van die tol aldus aageggaan, aanvaar;

(d) 'n kontak telefoonnommer of elektroniese posadres vir die persoon wat aansoek doen om registrasie of van sy of haar gemagtigde verteenwoordiger;

(e) 'n verkose metode van kommunikasie vir kennisgewing;

(f) 'n verkose metode vir die ontvangs van fakture;

(g) die fisiese adres van die persoon wat aansoek doen om registrasie;

(h) die metode van identifisering wat gebruik gaan word om die motorvoertuig te identifiseer wanneer dit onder 'n tolportaal deurbeweeg, hetsy deur 'n e-tag of of 'n VLN, en indien deur middel van 'n e-tag–

(i) die e-tag identifiseringsnommer, wat die nommer is wat op die kant van die e-tag vertoon word, te verskaf indien van 'n derdeparty kleinhandelaar bekom is; of

(ii) aansoek doen om die uitreiking van 'n e-tag vir die motorvoertuig in paragraaf (c) hierbo beskry;

(i) 'n onderneming van die persoon wat aansoek doen om registrasie om betalings aan die Agentskap te maak van alle tol wat ten opsigte van die gebruik van die motorvoertuig omskryf in die aansoek om registrasie op 'n e-pad betaalbaar is; en

(j) 'n voorgestelde metode van betaling vir die vereffening van die e-tolrekening wat geopen gaan word, welke betalingsmetode onderhewig is aan die voorwaardes wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak.

(3) By ontvangs van die aansoek soos bedoel in subregulasie (1) en indien die aansoek ingevolge hierdie regulasie in orde is en die inligting verskaf is, moet die Agentskap –

(a) die inligting van die persoon wat aansoek doen vir registrasie vasvang;

(b) indien die voorgestelde metode van betaling vir die vereffening van die e-tolrekening wat geopen gaan word voldoen aan die vereistes van die voorwaardes soos deur die Agentskap bepaal en bekend gemaak, die persoon wat ingevolge subregulasie (1) aansoek gedoen het, registreer as 'n gebruiker soos bedoel in regulasie 10;

(c) indien van toepassing, die e-tag identifikasienommer spesifiseer asook die ooreenstemmende VLN van die motorvoertuig waaraan sodanige e-tag geheg gaan word; en

(d) indien sodanige persoon aansoek gedoen het om 'n e-tag ingevolge subregulasie (2)(h)(ii), 'n e-tag aan sodanige persoon uitreik.

(4) Die Agentskap moet tol van geregistreerde gebruikers insamel op die wyse bedoel in regulasie 6.

4. Registrasie van 'n dagpasgebruiker

(1) Enige persoon wat beoog om 'n e-pad te gebruik kan, aansoek doen om as 'n dagpasgebruiker van sodanige e-pad te registreer deur die VLN, maak, model, kleur, jaar en klas van die motorvoertuig wat gebruik gaan word, te verskaf -

(a) op die webwerf;

(b) deur 'n e-tolkliëntedienssentrum te besoek; of

(c) deur die inbelsentrum te kontak , en

deur 'n betalingsmetode wat deur die Agentskap aanvaar word, te verskaf.

(2) By ontvangs van die aansoek soos bedoel in subregulasie (1) en indien die aansoek en die inligting verskaf in ooreenstemming met hierdie regulasies is, moet die Agentskap–

(a) die inligting verkaf deur die persoon wat aansoek doen om registrasie, vasvang; en

(b) indien-

(i) die metode van betaling vir die dagpas voldoen aan sodanige voorwaardes soos wat die Agentskap bepaal en bekend gemaak het, en

(ii) onderhewig aan subregulasies (4) en (5),

die persoon registreer wat ingevolge subregulasie (1) aansoek gedoen het as 'n dagpasgebruiker in die register soos bedoel in regulasie 10 en aan sodanige persoon bevestiging uitreik as 'n dagpasgebruiker wat sodanige persoon toelaat om die e-pad waarvoor die dagpas uitgereik is, te gebruik.

(3) Die Agentskap moet die registrasie van 'n dagpasgebruiker bevestig deur 'n kennisgewing aan die gebruiker ten tye van die registrasie of by die inbelsentrum, of deur 'n kwitansie by die e-tol kliëntedienssentrum waar die aansoek gedoen is uit te reik

(4) Die persoon wat aldus as 'n dagpasgebruiker geregistreer iskan, nadat 'n bevestiging vir registrasie as 'n dagpasgebruiker uitgereik is, die e-pad gebruik waarvoor hy, sy of dit as 'n dagpasgebruiker geregistreer is, sonder om enige verdere aanspreeklikheid vir tol ten opsigte van sodanige gebruik op te doen onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) Die tydperk waarvoor die persoon aldus geregistreer die e-pad waarvoor hy, sy of dit as 'n dagpasgebruiker geregistreer is kan gebruik sonder om enige verdere aanspreeklikheid op te doen is 24 uur vanaf die tyd wanneer die gebruiker die e-pad vir die eerste keer gebruik het;

(b) 'n e-pad mag slegs ten opsigte van registrasie as 'n dagpasgebruiker 12 keer gedurende 'n 12 maande periode gebruik word, bereken vanaf die datum en tyd waarop die e-pad as gevolg van die dagpasregistrasie die eerste keer gebruik is; en

(c) indien dieselfde motorvoertuig met betrekking waartoe 'n dagpas uitgereik is op 'n e-pad gebruik word buite die 24 uur periode soos in paragraaf (a) bedoel of op 'n e-pad anders as die e-pad waarvoor aansoek gedoen is om registrasie as 'n dagpasgebruikder, sal die persoon, tensy die persoon wat die motorvoertuig aldus gebruik as 'n geregistreede gebruiker of 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker die pad gebruik, 'n alternatiewe gebruiker wees en aldus vir tol aanspreeklik wees.

(5) 'n Dagpas moet gebruik word vir die e-pad waarvoor die voertuig vir die dagpas geregistreer is binne 30 dae vanaf die datum van aankoop, by gebreke waarvandie dagpas verval.

(6) 'n Dagpasgebruiker word ten tye van die e-toltransaksie geidentifiseer deur die VLN van die motor-voertuig wat deur die dagpasgebruiker gebruik word, en die motorvoertuig moet die motorvoertuig wees wat in subregulasie (1) gespesifiseer is.

5. Gebruik van 'n e-pad deur geregistreerde gebruikers, deur nie-geregistreerde gebruikers en deur alternatiewe gebruikers

(1) Voordat 'n geregistreerde e-pad gebruiker 'n e-pad gebruik moet die gebruiker op die wyse soos bedoel in die Spesifikasie Regulasies, gepubliseer ingevolge artikel 58 (1)(dB) van die Wet, die e-tag soos bedoel in paragrawe (3)(c) of (d) van regulasie 3, vasheg aan die motorvoertuig en die e-tag in 'n werkende toestand onderhou.

(2) (a) Indien 'n motorvoertuig waarvoor 'n e-tag gespesifiseer is onder 'n tolportaal op 'n e-pad deurbeweeg en die toerusting wat gebruik word om die e-tag te identifiseer faal, sal die gebruiker wat as 'n e-tag gebruiker geregistreer is deur die VLN van die motorvoertuig geidentifiseer word.

(b) In die geval waar die Agentskap opmerk dat die e-tag van 'n e-taggebruiker nie korrek funksioneer nie, moet die Agentskap die gebruiker in kennis stel by wyse van die verkose metode soos bedoel in paragraaf (2)(e) van regulasie 3.

(c) Indien 'n gebruiker, 10 dae nadat hy, sy of dit deur die Agentskap ingevolge subregulasie (2)(b) in kennis gestel is, voortgaan om die e-pad te gebruik sonder om die e-tag wat nie korrek funksioneer nie te vervang of terug te gee, sal –

(i) hy, sy of dit aanspreeklikheid vir tol as 'n geregistreerde VLN gebruiker opdoen, indien hy, sy of dit andersins aan die woordomskrywing van 'n geregistreerde VLN-gebruiker voldoen," of

(ii) Indien hy, sy of dit nie aan die vereistes vir van die woordomskrywing van

"geregistreerde VLN-gebruiker" voldoen nie dan sal hy, sy of dit aanspreeklikheid vir tol as 'n alternatiewe gebruiker opdoen.

(3) 'n Motorvoertuig van 'n geregistreerde gebruiker wat onder 'n tolportaal deurbeweeg word ten tye van die e-toltransaksie of deur die e-tag of deur die VLN, soos die geval mag wees, geidentifiseer en die aanspreeklikheid vir tol mag verskil na aanleiding van die metode van identifikasie.

(4) Geregistreerde gebruikers moet 'n e-tol rekening by die Agentskap onderhou en moet binne die toegelate tydperke alle bedrae betaal ten opsigte van daardie rekening en sodanige betaling is onderhewig aan die voorwaardes wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak.

(5) Waar 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker wat voor hy of sy 'n e-pad gebruik 'n e-tag aan 'n motorvoertuig vasheg op die wyse bedoel in die Spesifikasie Regulasies gepubliseer ingevolge artikel 58(1)(dB) van die Wet–

(a) word hy, sy of dit geidentifiseer ten tye van die e-toltransaksie deur die VLN en die e-tag wat aldus vasgeheg is;

(b) kan die aanspreeklikheid vir tol vir die gebruik van 'n e-pad deur 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker dienooreenkomstig bepaal word; en

(c) sal die tol vir die e-toltransaksie wat aldus plaasgevind verreken word teen enige e-tol krediet.

(6) Die deurgang van 'n motorvoertuig onder 'n tolportaal, waar die gebruiker 'n alternatiewe gebruiker is, word geidentifiseer ten tye van die e-toltransaksie deur die VLN of 'n e-tag en die aanspreeklikheid vir tol sal ooreenkomstig die tol wat op alternatiewe gebruikers van toepassing is, bepaal word.

(7) 'n Geregistreerde gebruiker moet–

(a) binne 14 dae nadat hy of sy fisiese of posadres of enige ander besonderhede wat aan die Agentskap verskaf is ten tye van die registrasie verander het, die Agentskap van sy of haar nuwe adres of besonderhede in kennis stel;

(b) binne 24 uur nadat hy of sy bewus word van die diefstal van 'n motorvoertuig ten opsigte waarvan registrasie van die gebruik daarvan aansoek gedoen is,, die Agentskap in kennis stel;

(c) binne 24 uur nadat 'n motorvoertuig, waarvoor 'n e-tolrekening geregistreer is, ongeskik vir gebruik verklaar is, die Agentskap in kennis stel;

(d) indien versoek word, inligting verskaf aan enige verkeersbeampte, werknemer van die Agentskap of werknemwer van 'n agent deur die Agentskap aangestel om die e-pad te bestuur, van 'n motorvoertuig wat deur hom of haar op 'n e-pad gebruik is of gebruik mag gewees het;

(e) seker maak dat die nommerplate van die motorvoertuig wat hy, sy of dit op 'n e-pad gebruik vasgeheg is op die wyse voorgeskryf inregulasie 35 van die Nasionale Padverkeersregulasies, 2000 en te alle tye duidelik sigbaar is; en

(f) nie met 'n nommerplaat peuter of dit dupliseer of 'n motorvoertuig op 'n e-pad gebruik sonder dat die nommerplate behoorlik vasgeheg is aan die motorvoertuig nie.

(8) 'n E-tag gebruiker –

(a) mag nie met 'n e-tag peuter of dit dupliseer nie;

(b) moet die Agentskap binne 24 uur in kennis stel indien die e-tag beskadig of gesteel word en in geval van 'n geregistreerde e-tag gebruiker wat verkies om geregistreer te bly–

(i) 'n nuwe e-tag identifikasienommer en ooreenstemmende VLN verskaf van die motorvoertuig waarop die e-tag vasgeheg gaan word; of

(ii) aansoek doen om 'n nuwe e-tag; en

(c) waar hy, sy of dit verkies om die e-tag wat aan hom, haar of dit uitgereik is na 'n ander motorvoertuig oor te dra, die VLN, maak, model en kleur aan die Agentskap te verskaf en versoek dat die e-tag oorgedra word na die nuwe motorvoertuig toe.

(9) 'n Alternatiewe gebruiker moet –

(a) seker maak dat die nommerplate van die motorvoertuig wat hy, sy of dit op 'n e-pad gebruik vasgeheg is op die wyse voorgeskryf in regulasie 35 van die Nasionale Padverkeersregulasies, 2000 uitgereik ingevolge die Nasionale Padverkeerswet en te alle tye duidelik sigbaar is;

(b) nie met 'n nommerplaat peuter of dit dupliseer of 'n motorvoertuig op 'n e-pad gebruik sonder dat die nommerplate behoorlik vasgeheg is aan die motorvoertuig nie; en

(c) seker maak dat sy of haar huidige adres op rekord is by die toepaslike registrasie-owerheid soos vereis deur die Nasionale Padverkeersregulasies, 2000 uitgereik ingevolge die Nasionale Padverkeerswet en die Agentskap in kennis stel van enige verandering van sodanige adres binne 14 dae vanaf die dag wat sodanige

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

verandering plaasgevind het.

(10) Waar daar van 'n gebruiker ingevolge enige bepaling van hierdie regulasies vereis word om kennis te gee van enige gebeurlikheid of vir doeleindes van nakoming van enige vereiste van hierdie regulasies, moet sodanige kennisgewing verskaf word deur die inbelsentrum te kontak, of deur die e-tolkliëntedienssentrum te besoek, of op enige ander wyse van kennisgewing wat op die webwerf aangedui word.

6. Bepalings en voorwaardes vir die betaling van tol

(1) 'n Geregistreerde gebruiker moet tol betaal waarvoor hy, sy of dit aanspreeklik raak as gevolg van sy of haar gebruik van 'n e-pad onderhewig aan die voorwaardes en by die plek wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak.

(2) Tensy betaling ingevolge subregulasie (1) gemaak is, bly die geregistreerde gebruiker aanspreeklik vir die betaling van tol met betreking tot die gebruik van 'n e-pad.

(3) Waar 'n geregistreerde gebruiker nie die tol wat betaalbaar is deur hom, haar of dit betaal nie, moet die Agentskap binne 32 dae nadat die gebruiker 'n e-pad gebruik het 'n faktuur na die laaste bekende adres van sodanige gebruiker stuur wat die bedrag aan tol vertoon wat betaalbaar is en die faktuur moet betaal word deur sodanige gebruiker voor of op die datum wat op die faktuur aangetoon is.: Met dien verstande dat die gebruiker verantwoordelik is om te verseker dat sy of haar korrekte adres aan die Agentskap verskaf is en dat die VLN van die gebruiker identifiseerbaar is.

(4) Indien 'n alternatiewe gebruiker 'n e-pad gebruik moet hy, sy of dit die tol van toepassing op sodanige gebruik binne die tydperk en op die plek en onderhewig aan die voorwaardes soos deur die Agentskap bepaal en bekend gemaak, betaal.

(5) Indien 'n alternatiewe gebruiker nie die tol soos bedoel in subregulasie (4) betaal binne die tydperk en op die plek en onderhewig aan die voorwaardes wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak, nie moet die Agentskap binne 32 dae nadat die alternatiewe gebruiker die e-pad gebruik het, maar nadat die grasietydperk verval het en tensy die gebruiker intussen geregistreer het, 'n faktuur aan die betrokke gebruiker stuur na die laasbekende adres wat sodanige gebruiker ingevolge die Nasionale Padverkeerwet verskaf het, wat die bedrag aan tol wat betaalbaar is, aandui en sodanige faktuur moet deur die gebruiker betaal word voor die datum aangedui op die faktuur.

(6) Die Agentskap kan 'n kriminele en siviele proses volg om alle uitstaande tol in te vorder indien die gebruiker ten spyte daarvan dat 'n faktuur gestuur is, steeds versuim om binne die tydperk aangedui op die faktuur te betaal of glad nie te betaal nie.

(7) Ten spyte van subregulasie (5) en (6) in die geval waar 'n motorvoertuig nie geïdentifiseer

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

kan word as gevolg van die feit dat die motorvoertuig geen nommerplate vertoon nie of die nommerplate wat vertoon word vervals of onleesbaar is, of in die geval van 'n motorvoertuig wat buite die Republiek van Suid-Afrika geregistreer is-

(a) hoef die Agentskap nie 'n faktuur aan die gebruiker van die motorvoertuig soos deur subregulasie (5) vereis te stuur nie; en

(b) kan die Agentskap kriminele en siviele prosesse volg om die betrokke tol in te vorder sonder om sodanige faktuur te stuur.

(8) Niemand mag—

(a) met betrekking tot enige aansoek ingevolge hierdie regulasies; of

(b) met betrekking tot die verskaffing van enige inligting wat tot sy of haar wete gebruik word of gebruik mag word vir enige doel ingevolge hierdie regulasies,

'n verklaring maak of inligting aan die Agentskap of enige ander persoon in hierdie regulasies bedoel verskaf, wat tot sy of haar wete vals of misleidiend is nie.

(9) Enige gebruiker van 'n e-pad wat deur sodanige gebruik aanspreeklik word om tol te betaal, kan 'n faktuur vanaf die Agentskap aanvra by enige e-tolkliëntedienssentrum, en by gebrek aan sodanige navraag is die Agentskap nie onder 'n verpligting om fakture aan 'n gebruiker te verskaf nie, behalwe waar daarvoor elders in hierdie regulasies voorsiening gemaak is.

7. Nominasies

(1) Die eienaar van 'n motorvoertuig wat op 'n e-pad gebruik word wat nie die gebruiker van 'n motorvoertuig wat op 'n e-pad bedryf is, is nie en wat 'n persoon wil nomineer as die gebruiker van sodanige motorvoertuig, met die doel om die persoon wat die motorvoertuig ten tye van die betrokke e-tol transaksie gebruik het, te Ïdentifiseer, mag dit doen deur deur die vorm soos in Aanhangsel B tot die Regulasies aangedui is te voltooi, deur die inligting soos bedoel in subregulasie (2) te verskaf en die vorm per geregistreerde pos aan die Agentskap te pos na die Agentskap se posadres te Privaatsak X64, Centurion of by 'n e-tolkliëntedienssentrum.

(2) Die eienaar van 'n motorvoertuig bedoel in subregulasie (1) moet -

(a) die volle name en kontakbesonderhede van die eienaar en die VLN van die betrokke motorvoertuig;

(b) die datum, tyd en pad wanneer en waar die die e-toltransaksie plaasgevind het; en

(c) die volle name, pos- en residensiële adres van die bestuurder of gebruiker

aan die Agentskap verskaf.

(3) Die Agentskap moet -

(a) indien die inligting op die vorm soos bedoel in subregulasie (1) volledig is en ooreenstem met die Agentskap se rekords met betrekking tot die betrokke e-toltransaksie; en

(b) indien die Agentskap teverede is dat die eienaar nie die bestuurder of gebruiker van die motorvoertuig was ten tye van die e-toltransaksie nie,

die inligting vasvang op die register soos bedoel in regulasie 10 en die e-toltransaksie waarop die nominasie van toepassing is verwyder van die die rekord van sodanige eienaar en 'n faktuur soos bedoel in regulasie 6(5) aan die person wat deur die eienaar as gebruiker genomineer is, uitreik.

8. Vertoë

(1) Die eienaar van 'n motorvoertuig, of 'n gebruiker of bestuurder wat 'n vertoë wil rig ten opsigte van die beweerde gebruik van die betrokke motorvoertuig op 'n e-pad, mag dit doen deur die vorm soos in Aanhangsel C tot hierdie Regulasies aangedui te voltooi en die vorm per geregistreerde pos aan die Agentskap te pos na die Agentskap se posadres te Privaatsak X64, Centurion of by 'n e-tolkliëntedienssentrum in te handig.

(2) Die Agentskap moet die vertoë deeglik oorweeg en daarop antwoord en–

(a) mag onafhanklike ondersoeke doen om die feite te staaf; en

(b) mag—

(i) die vertoë goedkeur indien daar redelike gronde bestaan om die persoon wat die vertoë gerig het nie aanspreeklik te hou vir die tol nie; of

(ii) die vertoë afkeur indien daar nie redelike gronde bestaan vir die vertoë nie.

(3) Indien die vertoë goedgkeur word moet die agentskap die inligting vasvang in die register bedoel in regulasie 10 en, waar toepaslik, die e-toltransaksie van toepassing op die vertoë kanselleer en die persoon wat die vertoë gerig het daarvan in kennis stel.

(4) Indien die vertoë afgekeur word, moet die Agentskap die persoon in kennis stel dat die vertoë afgekeur is, die redes verskaf vir sodanige afkeur en dat die persoon die korrekte person is wat aanspreeklik is vir die uitstaande tol.

(5) Indien sodanige persoon versuim om die uitstaande tol te betaal, mag die Agentskap die prosedures soos bedoel in regulasie 6(6) volg.

9. Misdrywe

Iemand wat 'n bepaling van subregulasies (7), (8)(a) of (9) van regulasie 5, of subregulasie (7) van regulasie 6 van hierdie Regulasies, opsetlik of nalatig oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en sal by skuldigbevinding strafbaar wees met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens ses maande.

10. Registers en aantekeninge

(1) Die Agentskap moet 'n register om alle tranasaksies van geregistreerde e-tag gebruikers, geregistreerde VLA gebruikers en dagpasgrebruikers skep en instandhou.

(2) Finale beskikking oor die aantekeninge in hierdie regulasie beoog, geskied in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet Nr. 43 van 1996).

(3) Die wyse waarop verslae gehou mag word, is as 'n harde kopië, as mikrofilm of in elektroniese formaat.

11. Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie regulasies heet die e-Pad Regulasies en tree in werking op die datum van publikasie in die *Staatskoerant*.

AANHANGSEL A: VORM VIR DIE REGISTRASIE AS 'n e-TAG of VLN GEBRUIKER

INLIGTING VAN REKENINGHOUER

Titel: ornaam:

Van:

RSA ID Nr: Paspoort Nr. (Indien nie RSA ID Nr. nie.):

ADRES BESONDERHEDE

Fisiese Adres: Posadres:

Kode: Kode:

KONTAKBESONDERHEDE

Kontakinligting: Merk asseblief die kommunikasiemetode wat u verkies

E-pos:		E-pos:
Selfoon:		Selfoon:
Faks:		Faks:
Landlyn:		Landlyn:

VOERTUIGBESONDERHEDE

' Voertuiglisensienommer: Voertuiglisensienommer:

Voertuiglisensienommer: Voertuiglisensienommer:

em kennis: Indien u meer as 4 voertuie wil registreer, u dit mag doen deur ons oproepsentrum by 0800 SANRAL (726 725) te skakel, of besoek die e-tol webblad by w.sanral.co.za of besoek een van ons gerieflik geleë e-tol Kliëntedienssentrums.

ALGEMENE KOMMUNIKASIE

a. Neem asseblief kennis dat die voltooiing en versending van hierdie e-tol Inligtingsvorm aan ons geensins beteken dat u by SANRAL geregistreer het nie. Nadat ons hierdie vorm van u ontvang het, sal ons met u in verbinding tree sodat u die registrasie kan voltooi.

b. Neem asseblief kennis dat daar Bepalings en Voorwaardes is vir persone en organisasies wat by SANRAL registreer. Wanneer u by SANRAL registreer, sal daar van u verwag word om hierdie Bepalings en Voorwaardes te aanvaar. Die Bepalings en Voorwaardes is beskikbaar by www.sanral.co.za.

Die Bepalings en Voorwaardes is ook beskikbaar by die e-tol kliëntedienssentrums geleë in uitgesoekte winkelsentrums in Gauteng en by e-tol kliëntedienssentrums geleë langs Gauteng e-paaie. U kan ook die e-tol inbelsentrum by 0800 SANRAL (726 725) skakel om besonderhede te kry van waar die e-tol kliëntedienssentrums geleë is.

c. Deur die e-tol Inligtingsvorm te onderteken, bevestig u dat die inligting wat u verstrek het, korrek is.

Geteken te _____ Datum: _____

Naam in drukskrif: _____ Handtekening _____

E-pos hierdie Inligtingsvorm aan info@sa-etoll.co.za of faks dit na 0800 SANRAL (726 725) of handig dit in by 'n e-tol Kliëntedienssentrum.

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Ingesleutel deur: _____ Datum: _____

Nagegaan deur: _____ Datum: _____

Werknemersnommer _____ Verw.Nr: _____

BESKIKBARE OPSIES VIR U

REGISTRASIE OPSIES

Ten einde tol op die Gauteng e-pad te betaal, het u die keuse dat u voertuie ɟeken word met die Voertuiglisensienommer (VLN) of met 'n e-tag gekombineer ·t die Voertuiglisensienommer.

Opsie A: Met 'n e-tag

'n e-tag is 'n klein elektroniese toestel wat aan die binnekant van 'n voertuig se voorruit geheg word. Die e-tag is gekoppel aan aan 'n Voertuiglisensienommer, die tipe voertuig en die e-tol Rekening.

Met die e-tag kwalifiseer padgebruikers vir afslag op toltariewe. Dit het ook 'n bykomende voordeel dat die risiko verminder dat iemand u Voertuiglisensienommer kan vervals.

Opsie B: Met 'n Voertuiglisensienommer (VLN)

Indien u verkies dat u voertuig aan slegs die Voertuiglisensienommer uitgeken word, word u steeds versoek om 'n e-tol Rekening te registreer.

REKENING BETALINGSOPSIES BESKIKBAAR

Tydens registrasie sal u gevra word om 'n metode te kies wat u wil gebruik om vir u e-tol te betaal.

Opsie A: Kredietkaartrekening

U kies om 'n Voorafbetaalde rekening of 'n Kredietkaartrekening te gebruik. U kan u tol betaal deur die e-tol Rekening met 'n kredietkaart te koppel. Transaksies word op daaglikse basis "opgerol" en een bedrag word van die voorafgeregistreerde kredietkaart verhaal.

Opsie B: Voorafbetaalde Rekening

Hierdie e-tol Rekening vereis dat die rekeninghouer 'n minimum (positiewe) balans in die e-tol Rekening hou en wanneer die minimum bedrag bereik word, moet dit aangevul word.

Die aanvulling kan op een van twee maniere gedoen word:

(i) Outomaties

U kan die e-tol rekening aan 'n kredietkaart of bankrekening koppel. Sodra die minimum bedrag bereik is, sal die e-tol Rekening aangevul word tot by 'n voorafbepaalde balans, vanaf die genomineerde kredietkaart of bankrekening.

(ii) Per hand

Die Gauteng e-padgebruiker kan die e-tol rekening aanvul deur 'n betaling te maak in die rekening by 'n e-tol Kliëntedienspunt of by Checkers, CNA, Pick n Pay, Shoprite of Spar, of deur middel van 'n Elektroniese Fondsoorplasing (EFO), of deur 'n aanlyn betaling te maak by www.sanral.co.za

AANHANGSEL B: NOMINASIE VAN BESTUURDER OF PERSOON IN BEHEER

BESKRYWING

'n Nominasie is 'n herleiding van 'n belastingfaktuur na 'n ander gebruiker of bestuurder vir alle of spesifieke toltransaksies op die faktuur. Dit sal gebruik word wanneer 'n bestuurder of 'n ander persoon as die eienaar die voertuig op die e-pad gebruik het en vir die betaling van die tol verantwoordelik is. Die ander bestturder se besonderhede moet beskikbaar wees om die vorm te voltooi. Die aansoek sal nagegaan word en die aansoeker sal in kennis gestel word van die uitkoms.

INSTRUKSIESVIR DIE VOLTOOING VAN DIE VORM

a. Hierdie vorm moet in swart ink voltooi word en per geregistreerde pos na die volgende adres gestuur word: Privaatsak X164, Centurion, 0046 of dit kan in die persoon ingedien word by enige e-tol-kliëntedienssentrum.
b. Die voltooide vorm moet tesame met die oorspronklike VPC e-tolrekening indien van toepassing /belastingfaktuur aangebied word, ingedien en onderteken word voor 'n Kommissaris van Ede.
c. 'n Afskrif van die voltooide en getekende vorm en stawende dokumente moet gehou word vir u eie rekords.
d. Ontvangs van die aansoek sal erken word binne 21 dae, by versuim waarvan dit weer ingedien moet word per geregistreerde pos na bogenoemde adres of dit moet ingehandig word by 'n e-tol-kliëntedienssentrum.
e. Individue hoef nie die eerste twee reëls van Deel B te voltooi nie en moet alle beskikbare kontakbesonderhede verstrek waar nodig in Dele B en D. Alle ander velde is verpligtend, tensy die vorm anders spesifiseer. Organisasies moet volle inligting van die registrasienommer (bv. BK-, maatskappy- of trustregistrasienommer) verskaf, sowel as die besonderhede van 'n verteenwoordiger (Van, Voorname, ID-nommer, Selfoonnommer, e-pos, ens.) wat die vorm namens die organisasie moet teken. Alle ander velde op die vorm is verpligtend, tensy daar enige ander voorwaarde vir 'n spesifieke veld gespesifiseer is.
f. As jy nie die bestuurder of persoon in beheer van die voertuig was nie, voltooi die aansoek vir die nominasie van die korrekte bestuurder of persoon in beheer.
g. Kennisgewing van beide suksesvolle en onsuksesvolle aaansoeke sal via SMS gestuur word, indien die aansoeker 'n selfoonnommer in Deel B verstrek het.

DEEL A - VERKLARING

a. Ek, die besonderhede van wie in Deel B hieronder verstrek word, verklaar hiermee dat ek nie die bestuurder of persoon in beheer van die motorvoertuig was ten tye van die e-toltransaksie(s) nie. Die besonderhede word in Deel C hieronder verskaf.
b. Ek nomineer hiermee die bestuurder of gebruiker van die voertuig op die datum, tyd en plek soos in die betrokke faktuur aangedui en die besonderhede ter ondersteuning van hierdie aansoek word in Deel D hieronder verstrek en stawende dokumentasie (bestuurslisensie en/of identiteitsdokument) wat dien as 'n bewys is aangeheg.

DEEL B – VOERTUIGEIENAAR EN MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE

Naam van die organisasie | Voertuig-lisensie-nommer

Tipe organisasie | Maat-skappy: | BK: | Vennootskap: | Ander:

VPC e-tolrekeningnommer indien van toepassing:

E-pos adres:

Van: | Tel (huis): ( )

Voor-name | Tel (werk): ( )

Voor-letters | Geslag: | Vroulik | Manlik | Faks: ( )

Geboortedatum (JJ/MM/DD) / / | Sel:

ID tipe: | RSA | Paspoort | Buitelandse ID | Bestuurslisensie | Naam van werkgewer:

ID-nommer: | Adres van werkgewer:

Land van uitreiking:

Straatadres: | Kode:

Kode:

Posadres:

Kode:

MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE

Voertuiglisensie:

Lisensieskyfnommer:

Operateurkaartnommer:

Voertuigbeskrywing (tipe):

Voertuig BVM: kg Jaar

Maak:

Reeks (Model):

Kleur:

DEEL C – BESONDERHEDE VAN TOLGELD(E) OF FAKTUUR

VPC-faktuurnommer indien van toepasiing :

Toltransaksienommer(s) (vir individuele transaksienommers)

Datum van tol (JJJJ/MM/DD) (vir periode)

Vanaf: / / Tyd: Tot: / / Tyd:

DEEL D – BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT GENOMINEER WORD

Naam van die organisasie | Voertuig-lisensie-nommer

Tipe organisasie | Maat-skappy: | BK: | Vennootskap: | Ander:

VPC e-tolrekeningnommer: indien van toepassing

E-pos adres:

Van: | Tel (huis): ( )

Voor-name | Tel (werk): ( )

Voor-letters | Geslag: | Vroulik | Manlik | Faks: ( )

Geboortedatum (JJ/MM/DD) / / | Sel:

ID tipe: | RSA | Pasport | Buitelandse ID | Bestuurslisensie | Naam van werkgewer:

ID-nommer: | Adres van werkgewer:

Land van uitreiking:

Straatadres: | Kode:

Kode:

Posadres:

Kode:

DEEL E – BEVESTIGING VAN EED DEUR VOERTUIGEIENAAR

* Ek bevestig plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring en die nominasie van die persoon , en dat hierdie verklaring die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie.□

b. * Ek ken en verstaan die inhoud van hierdie verklaring en nominasie van die persoon, ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie en ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.□

c. Ek het 'n kopie van die persoon se bestuurslisensie en/of identiteitsdokument aangeheg.

d. Ek verklaar verder dat ek verstaan dat hierdie nominasie verwerp kan word, in welke geval ek aanspreeklik sal wees vir alle tol, soos uiteengesit in die oorspronklike faktuur.

* □ Wat ook al van toepassing is

Handtekening van die Eienaar:

Plek:

Datum (JJJJ/MM/DD) / /

DEEL F – SERTIFISERING DEUR DIE KOMMISSARIS VAN EDE

As 'n Kommissaris van Ede, sertifiseer ek hiermee dat die persoon wat hierdie vorm onderteken:

a. * Bevestig plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie, of□

b. * Geen beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie en dat hy/sy die voorgeskrewe eed as bindend beskou vir sy/haar gewete.□

* □ Wat ook al van toepassing is

Handtekeing van die Kommissaris van Ede:

Plek:

Datum (JJJJ/MM/DD) / /

DEEL G - BESONDERHEDE VAN DIE KOMMISSARIS VAN EDE

Van: | ID-Nommer:

Voorname: | Tel (werk): ( )

Hoedanigheid: | Sel:

Besigheidsadres: | Amp:

Kode:

DEEL H – STEMPEL VAN DIE KOMMISSARIS VAN EDE

DEEL I – VOORWAARDES VAN AANVAARDING
Vir die aanvaarding van 'n aansoek om nominasie moet die volgende inligting verstrek word: • Volledige Besonderhede van Voertuigeienaar • Volledige Besonderhede van Genomineerde Bestuurder • Volledige Besonderhede van Voertuig • Volledige Sertifisering deur die Kommissaris van Ede • Geldige Bewys van Identiteit Versuim om hierdie inligting te verskaf sal lei tot die verwerping van die aansoek. Kennisgewing van suksesvolle en mislukte aansoeke sal gestuur word via 'n SMS, sou die aansoeker wel 'n selfoonnommer in deel B verstrek het.

AANHANGSEL C: VERTOë

BESKRYWING

'n Vertoë is 'n navraag of dispuut wat deur die padgebruiker ingedien word by die Agency wat beweer dat hy/sy nie verantwoordelik is vir die spesifieke tol en enige gepaardgaande gelde of 'n gedeelte daarvan soos uiteengesit in die belastingfaktuur wat aan die voertuigeienaar uitgereik is nie. Dit sal gebruik word wanneer die voertuig nie teenwoordig was op die e-pad nie of wanneer die voertuig nie aan die padgebruiker behoort het (verkoop of gesteel) ten tyde van die transaksie(s) nie. Die aansoek sal hersien word en die aansoeker sal in kennis gestel word van die uitslag

INSTRUKSIES VIR DIE VOLTOOING VAN DIE VORM

rdie vorm moet in swart ink voltooi word en per geregistreerde pos aan die volgende adres gestuur word: Privaatsak X164, Centurion, 0046, of dit kan ingedien word by enige e-tol-kliëntedienssentrum.
b. Die voltooide vorm moet tesame met die oorspronklike VPC e-tolrekening/belastingfaktuur indien van toepassing aangebied word, ingedien en onderteken word voor 'n Kommissaris van Ede.
c. 'n Afskrif van die voltooide en getekende vorm en stawende dokumente moet bewaar word vir u eie rekords.
d. Ontvangs van die aansoek sal erken word binne 21 dae, en by versuim waarvan dit weer ingedien moet word per geregistreerde pos na bogenoemde adres of dit moet ingehandig word by 'n e-tol-kliëntedienssentrum.
e. Individue hoef nie die eerste twee reëls van Deel B te voltooi nie en moet alle beskikbare kontakbesonderhede verstrek waar nodig in Dele B en D. Alle ander velde is verpligtend, tensy die vorm anders spesifiseer. Organisasies moet volle details van die registrasienommer (bv. BK-, maatskappy- of trustregistrasienommer) verskaf, sowel as die besonderhede van 'n verteenwoordiger (Van, Voorname, ID-nommer, Selfoonnommer, e-pos, ens.) wat die vorm namens die organisasie moet teken. Alle ander velde op die vorm is verpligtend, tensy daar enige ander voorwaarde vir 'n spesifieke veld gespesifiseer is.
f. As jy nie die bestuurder of persoon in beheer van die voertuig was nie, voltooi die aansoek vir die nominasie van die korrekte bestuurder of persoon in beheer.
g. Kennisgewing van beide suksesvolle en onsuksesvolle aansoeke sal via SMS gestuur word, sou die aansoeker wel 'n selfoonnommer in Deel B verstrek het.

DEEL A - AANSOEK

a. Ek, die besonderhede van wie in Deel B hieronder verstrek word, doen hiermee aansoek vir die inagneming van die vertoë in terme van e-toltransaksies wat op my e-tolrekening gehef is, die besonderhede waarvan kragtens Deel C hieronder verskaf is.
b. Die besonderhede ter ondersteuning van hierdie aansoek word in Deel D hieronder verstrek en stawende dokumentasie wat dien as 'n bewys is aangeheg.

DEEL B – VOERTUIGEIENAAR EN MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE

Naam van die organisasie | Voertuig-lisensie-nommer

Tipe organisasie | Maat-skappy: | BK: | Vennootskap: | Ander:

VPC e-tolrekeningnommer indien van toepassing:

E-pos adres:

Van: | Tel (huis): ( )

Voor-name | Tel (werk): ( )

Voor-letters | Geslag: | Vroulik | Manlik | Faks: ( )

Geboortedatum (JJ/MM/DD) / / | Sel:

ID tipe: | RSA | Pasport | Buitelandse ID | Bestuurslisensie | Naam van werkgewer:

ID-nommer: | Adres van werkgewer:

Land van uitreiking:

Straatadres: | Kode:

Kode:

Posadres:

Kode:

MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE

Voertuiglisensie:

Lisensieskyfnommer:

Operateurkaartnommer:

Voertuigbeskrywing (tipe):

Voertuig BVM: | kg | Jaar

Maak:

Reeks (Model):

Kleur:

DEEL C – BESONDERHEDE VAN TOL OF FAKTUUR

VPC-faktuurnommer: indien van toepassing

Toltransaksienommer(s) (vir individuele transaksienommers)

Datum van tol (JJJJ/MM/DD) (vir periode)

Vanaf: / / Tyd: | Tot: / / Tyd:

DEEL D – BESONDERHEDE VAN VERTOë

DEEL E – BEVESTIGING VAN EED DEUR DIE VOERTUIGEIENAAR

a. * Ek bevestig plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring en verklaar dat dit die waarheid is, die volle waarheid en niks anders as die waarheid nie.□
b. * Ek ken en verstaan die inhoud van hierdie verklaring en het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie en ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.□
c. Ek verklaar verder dat ek verstaan dat hierdie Verteenwoordiging verwerp kan word, in welke geval ek aanspreeklik sal wees vir die boetes en alle toepaslike uitstaande fooie.

* □ Wat ook al van toepassing is
Handtekening van die Eienaar:

Plek:
Datum (JJJJ/MM/DD) / /

DEEL F – SERTIFISERING DEUR DIE KOMMISSARIS VAN EDE

As 'n Kommissaris van Ede, sertifiseer ek hiermee dat die persoon wat die verklaring maak:
a. * Bevestig plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie, of□
b. * Geen beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie en dat hy/sy die voorgeskrewe eed as bindend beskou vir sy/haar gewete.□

* □ Wat ook al van toepassing is
Handtekening van die Kommissaris van Ede:

Plek:
Datum (JJJJ/MM/DD) / /

DEEL G - BESONDERHEDE VAN DIE KOMMISSARIS VAN EDE

Van:		ID-Nommer:	
Voorname:		Tel (werk):	( )
Hoedanigheid:		Sel:	
Besigheidsadres:		Amp:	
	Kode:		

DEEL H – STEMPEL VAN DIE KOMMISSARIS VAN EDE

DEEL I – VOORWAARDES VAN AANVAARDING

Vir die aanvaarding van 'n vertoë moet die volgende inligting verstrek word:
- Volledige Besonderhede van Voertuigeienaar
- Volledige Besonderhede van Voertuig
- Volledige Sertifisering deur die Kommissaris van Ede
- Geldige Bewys van Identiteit

Versuim om hierdie inligting te verskaf sal lei tot die verwerping van die aansoek. Kennisgewing van suksesvolle en onsuksesvolle aansoeke sal gestuur word via 'n SMS, sou die aansoeker wel 'n selfoonnommer in deel B verstrek het.

No. R. 818 **23 Oktober 2013**

DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998):

SPESIFIKASIE REGULASIES

Ek, Dipuo Peters, Minister van Vervoer, na oorlegpleging met die Agentskap, maak die regulasies in die Bylae hierby ingevolge artikel 58(1)(dB) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998).

Dipuo Peters

Minister van Vervoer

Bylae

Woordomskrywings

1. In hierdie regulasies het 'n uitdrukking wat in die Wet, die Nasionale Padverkeerswet of die e-Pad Regulasies omskryf is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"die Wet" die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998);

"e-Pad Regulasies"die e-Pad Regulasies gemaak deur die Minister ingevolge artikel 59(1)(dA) en (dC) van die Wet; en

"Nasionale Padverkeerswet" die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996).

Kameratoerusting gebruik vir identifikasie van motorvoertuig

2. (1) Vir die doel van hierdie regulasie beteken tipe-goedgekeur en tipe-goedkeuring dat een voorbeeld van 'n spesifieke fabrikaat en model van toerusting getoets is ingevolge SANS 1795: Padverkeerswetstoepassingstelsels, Deel 5: Datavasleggingstoerusting en vasleggingstoerusting vir Padverkeerswetstoepassing wat getoets is deur 'n toetslaboratorium geakkrediteer in terme van ISO 17025, deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkreditasie Stelsel (SANAS).

(2) Die kameratoerusting wat gebruik moet word om die beeld van 'n motorvoertuig vas te lê moet voldoen aan die vereistes van die standaardspesifikasie, SANS 1795: Padverkeerswetstoepassingstelsels, Deel 5: Datavasleggingstoerusting en vasleggingstoerusting vir Padverkeerswetstoepassing en moet soos bedoel in subregulasie (1) tipe-goedgekeur wees.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

Metode om e-tag aan voertuig te heg

3. (1) Wanneer 'n e-tag aan 'n motorvoertuig geheg word in die geval van 'n motorvoertuig met 'n skuins windskerm (Tipe 1 e-tag) , moet die klamp wat vir skuins windskerms verskaf is, gebruik word, en moet die e-tag op die volgende wyse aan die windskerm geheg word:

(a) Die e-tag eenheid (klamp en e-tag) moet horisontaal aan die voorste windskerm agter die truspieël geheg word sodat wanneer die e-tag van binne die voertuig beskou word, die klamp aan die linkerkant van die e-tag is;

(b) die e-tag moet vasgeheg word op 'n wyse wat nie die uitsig van die bestuurder beïnvloed nie en genoegsame spasie moet gelaat word om die e-tag uit die klamp te kan verwyder nadat dit vasgeheg is;

(c) ten minste sewe sentimeter tussen die e-tag en ander voorwerpe soos sonskerms moet gelaat word;

(d) die skoonmaakmiddel vir die oppervlak moet gebruik word om die gedeelte van die windskerm skoon te maak waar die e-tag geheg gaan word voordat dit aangeheg word, en die windskerm moet droog wees voordat die e-tag aangeheg word;

(e) voordat die e-tag aangeheg word moet die e-tag versigtig in die klamp ingegly word totdat dit 'n kliekgeluid maak;

(f) die kleefbandbeskermer moet van die klamp verwyder word voordat dit aangeheg word; en

(g) wanneer die e-tag eenheid aangeheg word moet die klamp versigtig in die korrekte posisie geplaas word en ferm vasgedruk word op die windskerm vir ten ten minste een minuut en die e-tag moet nie van die klamp verwyder word vir ten minste 24 uur na die oorspronklike montering nie.

(2) Wanneer 'n e-tag aan 'n motorvoertuig geheg word in die geval van 'n motorvoertuig met 'n vertikale windskerm (Tipe 1 e-tag) moet die klamp wat vir vertikale windskerms verskaf is, gebruik word en en die e-tag moet op die volgende wyse aan die windskerm geheg word:

(a) Die e-tag eenheid (klamp en e-tag) moet vertikaal in die middel van die voorste windskerm geheg word sodat wanneer die e-tag van binne die voertuig beskou word die klamp aan die onderkant van die e-tag is;

(b) die e-tag moet hoër as die voorruitveërs gemonteer word aan die binnekant van die windskerm in die geval van swaar motorvoeruie en agter die truspieël in die geval van ligte motorvoertuie; en

(c) paragrawe (b) tot (g) van subregulasie (1) is ook van toepassing op die aanhegting van e-tags op vertikale windskerms.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(3) In die geval van 'n motorfiets mag die e-tag (Tipe 2 e-tag) aangeheg word deur dit in 'n drasakkie en klamp wat saam met die e-tag vir motorfietse voorsien word aan of die stuurmeganisme of aan 'n metaaloppervlak op die motorfiets vasgeheg word op die wyse gespesifiseer in paragrawe (a) tot (g) of subregulasie (2).

(4) Indien die metode in subregulasie (3) gespesifiseer nie moontlik is nie, of die gebruiker besef dat die die e-tag nie werk nie, moet die gebruiker die e-tag in 'n geskikte sak op sy of haar persoon plaas sodat die agterkant van die e-tag (gedeelte met spasie vir invoeging van die klamp) na die rigting van die voorgenome reis, wys en die "e"-logo op die e-tag na die gebruiker se liggaam wys, of op 'n wyse soos deur die Agentskap gespesifiseer word.

Gebruik van die e-tag

4. (1) Wanneer 'n e-tag aan 'n motorvoertuig geheg is sal 'n werkende e-tag 'n beep-geluid maak wanneer die motorvoertuig onder 'n tolportaal deurbeweeg op die volgende wyse:

(a) Een beep dui aan dat die transaksie suksesvol was;

(b) twee beeps dui aan dat daar onvoldoende fondse in die betrokke e-tolrekening is of dat die fondse uitgeput raak; en

(c) vier beeps dui aan dat die transaksie nie suksesvol was nie en dat 'n e-tolkliëntedienssentrum gekontak moet word om die probleem reg te stel indien die gebruiker verkies om voort te gaan om die afslag te geniet wat op geregistreerde of nie-geregistreerde e-tag gebruikers van toepassing isl.

(2) Tensy 'n persoon gehoorgestrem is of 'n e-tag aan 'n motorfiets geheg is, moet 'n persoon verseker dat 'n hoorbare sein deur die e-tag gemaak word elke keer wat die motorvoertuig onder 'n tolportaal deurbeweeg en moet 'n e-tag wat nie korrek funksioneer nie soos in subregulasie (1) bedoel gerapporteer word aan die Agentskap deur een van die metodes bedoel in regulasie 5(9) van die e-Padregulasies.

(3) In die geval van 'n gehoorgestremde persoon en motorfiets gebruikers sal die Agentskap sodanige persoon in kennis stel indien die balans in die rekening van sodanige persoon te laag is deur middel van 'n elektroniese boodskap (e-pos) of 'n teksboodskap (SMS) na die eposadres of sellulêre nommer indien een verskaf is.

Kort titel en inwerkingtreding

5. Hierdie regulasies heet die Spesifikasie Regulasies en tree in werking op die datum van publikasie in die *Staatskoerant*.

No. R. 818 **23 Oktober 2013**

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN OP NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998)

REGULASIES OOR VRYSTELLINGS VAN DIE BETALING VAN TOL

Ek, Dipuo Peters maak hiermee, kragtens artikel 58(1)(d) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998) ("die Wet") die regulasies in die Bylae.

Dipuo Peters

Minister van Vervoer

BYLAE

Woordomskrywings

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking wat in die Wet, die Nasionale Landvervoerwet of die e-Pad Regulasies omskryf word, dieselfde betekenis, en beteken –

"die Wet" die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998);

"e-Pad Regulasies" die regulasies wat die Minister kragtens artikel 58(1)(dA) en (dC van die Wet gemaak het;

"vrygestelde noodvoertuig" 'n voertuig wat 'n nooddiens verskaf en deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op 'n e-pad of enige gedeelte van 'n e-pad te betaal, vrygestel is;

"vrygestelde openbare vervoervoertuig" 'n voertuig wat 'n openbare vervoerdiens verskaf en wat deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op 'n e-pad of enige gedeelte van 'n e-pad te betaal, vrygestel is;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

"GDVP tolpaaie" die paaie wat vir die Gauteng Deurpad Verbeteringsprojek verklaar is soos gespesifiseer in die betrokke vrystellings wat met betrekking tot daardie Projek gepubliseer is; en

"Nasionale Landvervoerwet" die Nasionale Landververvoerwet, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009).

Inligting wat benodig word en prosedures wat met betrekking tot vrygestelde openbare vervoervoertuie van toepassing is

2. (1) 'n Persoon wat 'n voertuig as 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig registreer moet die Agenskap voorsien van–

(a) die inligting beoog in die aangehegte Bylae A en op die wyse beoog in subregulasie (3), deur sodanige Bylae te voltooi en die voltooide Bylae by 'n e-tol kliëntedienssentrum tesame met die dokumente wat deur subregulasie (4) benodig word, in te dien; en

(b) 'n onderneming om te voldoen aan–

(i) die registrasievoorwaardes insoverre dit op vrygestelde openbare vervoervoertuie van toepassing is; en

(ii) die e-Pad Regulasies.

(2) Die gebruiker van 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig op 'n e-pad en wat die vrygestelde openbare vervoervoertuig gebruik vir doeleindes of in omstandighede anders as waarvoor die vrystelling toegestaan is, sal vir tol aanspreeklik wees as of–

(a) 'n alternatiewe gebruiker; of

(b) indien by die Agendskap ingevolge die e-Pad Regulasies geregistreer, ooreenkomstig die bepalings wat op sodanige registrasie van toepassing is.

(3) Met betrekking tot registrasie en die voltooing van die Bylae moet–

(a) 'n gesertifiseerde afskrif van die huidige voertuiglisensiesertifikaat vir elke motorvoertuig saam met die Bylae ingedien word, of in die geval van registrasie van meer as ses vrygestelde openbare vervoervoertuie, die voertuigidentifikasienommer en datum van uitreiking van die lisensiesertifikaat;

(b) in die geval van 'n gelede motorvoertuig, 'n gesertifiseerde afskrif van die bedryfslisensie of permit of ander besonderhede vir beide die voorspanmotor en leunwa aan die Agentskap verskaf word; en

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(c) vervoer na 'n depot of opslagplek waar die vrygestelde openbare vervoervoertuig gehou word wanneer dit nie gebruik word nie (wat posisioneringsitte genoem word) ook op die kaart wat as 'n aanhangsel by die Bylae aangeheg is, aangedui word.

(4) Die volgende dokumente moet die Bylae vir registrasie van 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig vergesel:

(a) 'n Gesertifiseerde afskrif van die bedryfslisensie, bedryfslisensies, permit of permitte wat vir die betrokke voertuig in terme van die Nasionale Landvervoerwet uitgereik is, of wat deur daardie Wet erken word, of, in die geval van registrasie van meer as ses vrygestelde openbare vervoervoertuie, die nommer, uitreikingsdatum en vervaldatum daarvan of 'n gesertifiseerde afskrif van die kontrak, soos in die Nasionale Landvervoerwet omskryf, indien van toepassing;

(b) 'n gesertifiseerde afskrif van die huidige voertuiglisensiesertifikaat vir elke motorvoertuig of, in die geval van registrasie van meer as ses vrygestelde openbare vervoervoertuie, die voertuigidentifikasienommer en uitreikingsdatum van die sertifikaat; en

(c) die aanhangsel by die aangehegte Bylae wat die roetes aandui wat deur die vrygestelde openbare vervoervoertuig bedryf sal word.

(5) Wanneer 'n e-pad gebruik word waarop 'n vrystelling aan 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig toegestaan is, moet die persoon wat die vrygestelde openbare vervoervoertuig bestuur of gebruik te alle tye in besit wees van die nodige bedryfslisensie of permit soos deur artikel 50(1) van die Nasionale Landvervoerwet vereis word, waarvan die oorspronklike of 'n duplikaatoorspronklike in die voertuig vir inspeksie beskikbaar moet wees uit hoofde van regulasie 23(b) van die Nasionale Landvervoerregulasies, 2009 wat kragtens die Nasionale Landvervoerwet gepromulgeer is.

Inligting benodig en prosedures van toepassing met betrekking tot vrygestelde noodvoertuie

3. (1) 'n Persoon wat 'n voertuig as 'n vrygestelde noodvoertuig registreer moet die Agenskap voorsien van–

(a) die inligting beoog in die aangehegde Bylae A asook die dokumente beoog in subregulasie (2) met betrekking tot elke voertuig, deur sodanige Bylae te voltooi en die voltooide Bylae by die Agentskap in te dien, tesame met die

voertuigidentifikasienommer en die uitreikingsdatum van die huidige lisensiesertifikaat vir elke voertuig; en

(b) 'n onderneming om aan die registrasievoorwaardes en die e-Pad Regulasies te voldoen insoverre dit van toepassing is op vrygestelde noodvoertuie.

(2) 'n Gesertifiseerde afskrif van die huidige voertuiglisensiesertifikaat vir elke vrygestelde noodvoertuig moet saam met die aansoek verskaf word of, in die geval van registrasie van meer as ses vrygestelde noodvoertuie, die besonderhede van elke sodanige voertuig.

(3) Die gebruiker van 'n vrygestelde noodvoertuig op 'n e-pad en wat die vrygestelde noodvoertuig gebruik vir doeleindes of in omstandighede anders as waarvoor die vrystelling toegestaan is, sal vir e-tol aanspreeklik wees as, of–

(a) 'n alternatiewe gebruiker; of

(b) indien by die Agentskap ingevolge die e-Pad Regulasies geregistreer, ooreenkomstig die bepalings wat op sodanige registrasie van toepassing is.

Prosedures van toepassing by alle vrystellings

4. (1) Waar vrystelling deur die Agentskap van die betaling van e-tol op 'n bepaalde e-pad toegestaan is–

(a) sal die person wat 'n voertuig by die Agentskap registreer, van 'n e-tag deur die Agentskap voorsien word vir elke voertuig, welke e-tag die metode sal wees om die voertuig waarvoor vrystelling verleen is, te identifiseer; en

(b) 'n dokument wat die person wat by die Agentskap geregistreer is, identifiseer, sal deur die Agenstkap uitgereik word, indien die Agentskap aldus besluit, welke dokument nie hernubaar of oordraagbaar is nie and wat in die voertuig of op die persoon van die gebruiker gehou moet word wanneer 'n e-pad waarvoor vrystelling toegestaan is, gebruik word.

(2) Die e-tag wat deur die Agentskap vir elke vrygeselde voertuig uitgereik is–

(a) moet by elke voertuig wat by die Agentskap geregistreer is, aangebring word op die wyse uiteengesit in die Spesifikasie Regulasies wat deur die Minister ingevolge artikel 58(1)(dB) van die Wet uitgereik is.

(b) moet, sodat die motorvoertuig vrygestel is van die betaling van tol, by die betrokke voertuig of voertuie van die gebruiker, soos van toepassing,

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

aangebring word wanneer 'n e-pad gebruik word. Sodanige vereiste is egter nie opvrygestelde openbare vervoervoertuie van toepassing wees nie, voordat sodanige voertuie by die Agentskap geregistreer is.

(3) Die persoon wat die voertuig by die Agentskap registreer en waarvoor vrystelling deur die Agentskap toegestaan is moet–

(a) binne 14 dae nadat sy of haar fisiese- of posadres, of enige van die besonderhede wat tydens registrasie aan die Agentskap verskaf is, verander is, die Agentskap van sy of haar nuwe adres of sodanige nuwe besonderhede in kennis stel;

(b) die Agentskap binne 24 uur in kennis stel nadat dit tot sy of haar kennis gekom het dat die motorvoertuig gesteel is;

(c) inligting aangaande die vrygestelde voertuig wat ter enige tyd in sy of haar besit was, aan enige verkeersbeampte of nasionale verkeersinspekteur verskaf indien aldus versoek;

(d) die Agentskap in kennis stel van enige verklaring dat die motorvoertuig ongeskik is vir diens binne 24 uur nadat die motorvoertuig aldus ongeskik verklaar is;

(e) die Agentskap binne 24 uur in kennis stel indien die e-tag beskadig of gesteel word en weer vir 'n nuwe e-tag ingevolge die e-Pad Regulasies aansoek doen; en

(f) verseker dat die nommerplate van die motorvoertuig wat hy of sy bedryf op die wyse in regulasie 35 van die National Padverkeerregulasies, 2000 voorgeskryf is, aangebring is, en dat dit ter alle tye duidelik sigbaar is.

(4) Registrasie sal, behoudens subregulasie (5) hieronder, vir drie jaar vanaf die datum van registrasie van die vrygestelde voertuig, geldig wees, en die persoon wat die voertuig as 'n vrygestelde voertuig registreer, moet by die Agentskap aansoek doen om hernuwing van die registrasie nie minder as 30 dae voor die registrasie sal verval, deur die aangehegte Bylae A te voltooi en die benodigde besonderhede en dokumente aan die Agenskap te verskaf.

(5) Indien die vrygestelde noodvoertuig of vrygestelde openbare vervoervoertuig wat by die Agentskap in terme hiervan geregistreer is, gesteel, gesloop, verkoop of andersins vervreem word, of permanent vir diens ongeskik verklaar is, moet die persoon wat om registrasie aansoek

gedoen het die Agentskap in kennis stel en die VLN verskaf of deur 'n e-tol kliëntedienssentrum te telefoneer, soos beoog in die e-Pad Regulasies, onmiddellik nadat dit tot sy of haar kennis gekom het dat dit gesteel, gesloop, verkoop of andersins vervreem is, of permanent vir diens ongeskik verklaar is.

(6) Die person wat aansoek gedoen het om registrasie van die voertuig met betrekking waartoe vrystelling verleen is, moet die Agentskap binne 24 uur in kennis stel indien 'n voertuig wat by die Agentskap geregistreer is van eienaarskap verander of indien aansoek gedoen word om die betrokke bydryfslisensie of permit oor te dra, of indien die bedryfslisensie of permit verval of gekanselleeer word.

(7) Indien die persoon wat aansoek gedoen het om registrasie van die voertuig waarvoor vrystelling verleen is, kies om die voertuig met 'n ander voertuig te vervang en die nuwe voertuig ook nog kwalifiseer vir die vrystelling wat deur die Agentskap verleen is, moet die person wat aansoek gedoen het om registrasie van die voertuig aansoek doen om 'n e-tag vir die nuwe voertuig deur die aangehegde Bylae A te voltooi en 'n gesertifiseerde afskrif van die voertuiglisensiesertifikaat te verskaf, asook ander inligting wat die Agentskap benodig, en die registrasie sal nie op die nuwe voertuig van toepassing wees nie totdat die nuwe e-tag wat die Agentskap verskaf by die nuwe voertuig aangebring is op die wyse voorgeskryf in die bogemelde Spesifikasie Regulasies en, in die geval van 'n vrygestelde openbare voervoervoertuig, totdat die nodige bedryfslisensie vir die nuwe voertuig verkry is.

(8) Vrystelling is nie van toepassing waardaar nie voldoening aan die vereistes van subregulasies (5), (6) en (7) is nie, en is die gebruiker van die voertuig aanspreeklik om e-tol te betaal as of–

(a) 'n alternatiewe gebruiker; of

(b) indien hy of sy by die Agentskap ingevolge die e-Pad Regulasies geregistreer is, ooreenkomstig die bepalings wat op sodanige registrasie van toepassing is.

(9) Vrystelling van die betaling van tol verval waar –

(a) die e-tag vir 'n doel anders as met betrekking tot die doel waarvoor die vrystelling aan die vrygestelde voertuig verleen is, gebruik word;

(b) die voertuig wat vrygestel is van die betaling van e-tol 'n e-pad betree waarvoor vrystelling van die betaling van e-tol verleen is, sonder dat die e-tag behoorlik aan die voertuig aangebring is: Met dien verstande dat die vereiste

nie op vrygestelde openbare vervoervoertuie van toepassing is voordat sodanige voertuie by die Agentskap geregistreer is nie;

(c) die persoon wat die voertuig gebruik of bestuur versuim om aan hierdie Regulasies of die e-Pad Regulasies te voldoen;

(d) die bedryfslisensie of permit, indien van toepassing, waarkragtens vrystelling verleen is verval of om enige rede ingetrek of gekanselleer is;

(e) die voertuig waarvoor die vrystelling verleen is ter enige tyd nie behoorlik gelisensieer is of 'n geldige padwaardigheidsertifikaat nie vir die voertuig verkry is soos deur die Nasionale Padverkeerswet vereis; of

(f) die persoon wat die voertuig gebruik of bestuur peuter met 'n nommerplaat op sodanige voertuig of dit skend teenstrydig met die Nasionale Padverkeerswet.

(10) Waar daar van 'n persoon vereis word om ingevolge hierdie regulasies kennis te gee aan die Agentskap van enige gebeurlikheid of om te voldoen aan die vereistes van enige bepaling van hierdie regulasies, moet sodanige kennisgewing verskaf word deur een van die metodes in regulasie 5(10) van die e-Padregulasies bedoel, te gebruik.

Korttitel en inwerkingtreding

5. Hierdie Regulasies heet die Regulasies op die Vrystelling van die Betaling van Tol, 2013 en tree in werking op die datum wat dit in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

Bylae A

LOGO

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK (SANRAL)

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN OP NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998)

GAUTENG DEURPADVERBETERINGSPROJEK (GDVP): REGISTRASIEVORM

DEEL A: MOET DEUR PERSONE WAT VRYGESTELDE OPENBARE VERVOERVOERTUIE GEBRUIK OF BESTUUR, VOLTOOI WORD

1. Besonderhede:

Volle name en van van persoon, of volle naam van maatskappy, vennootskap, korporasie of ander regsentiteit:

.....

Posadres en kode: .....

Straatadres indien verskillend van posadres: .....

Telefoonnommer(s) : .....

Faksnommer : .....

E-pos adres : .....

Naam van verantwoordelike persoon in die geval van 'n regspersoon: .....

Vereniging waarvan die aansoeker 'n lid is (indien van toepassing): .....

2. Soort identifikasie (heg gesertifiseerde afskrif aan):

RSA Identiteitsdokument		Tydelike identiteitsertifikaat	
Paspoort		Buitelandse identiteitsdokument	
Stigtingsverklaring		Inlywingsertifikaat	
Memorandum van verstandhouding		Vennootskapsooreenkoms	

3. Besonderhede van bedrysfslisensie of permit vir elke voertuig (heg gesertifiseerde afskrif aan):

Voertuig 1

Bedryfslisensie/ permitnommer: .....

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn .....

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het: .....

Datum van uitreiking: ..... Vervaldatum: .....

Voertuig 2

Bedryfslisensie/ permitnommer: .....

Voertuiglisensienommer soos dit op die berdryfslisensie/permit verskyn .....

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het: .....

Datum van uitreiking: ..... Vervaldatum: .....

Voertuig 3

Bedryfslisensie/ permitnommer: .....

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn .....

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het: .....

Datum van uitreiking: ..... Vervaldatum: .....

Voertuig 4

Bedryfslisensie/ permitnommer: .....

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn .....

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het: .....

Datum van uitreiking: ..... Vervaldatum: .....

Voertuig 5

Bedryfslisensie/ permitnommer: .....

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn .....

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het: .....

Datum van uitreiking: ..... Vervaldatum: .....

Voertuig 6

Bedryfslisensie/ permitnommer: .....

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn .....

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het: .....

Datum van uitreiking: ..... Vervaldatum: .....

By registrasie van meer as ses voertuie voltooi die Excel-strekblad wat deur die Agentskap verskaf is.

4. Soort diens:

'n Minibus taxi-tipe diens soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Landvervoerwet, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009) (NLVW) waar die diens vir pendeldoeleindes bestem is soos in die NLVW omskryf insluitende die vervoer van skoliere en privaat kontrakpasassiers ("charter services") waar sodanige vervoer deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienste magtig, gemagtig is (die woordomskrywing lees as volg: "minibus taxi-tipe diens" beteken 'n ongeskeduleerde openbare vervoerdiens wat op 'n spesifieke roete of roetes bedryf word, of waar van toepassing, binne 'n spesifieke gebied deur middel van 'n motorkar, minibus of midibus")	
'n Gekontrakteerde diens, wat 'n diens is wat deur voertuie verskaf word uit hoofde van 'n kontrak met 'n kontrakterende owerheid beoog in artikel 56 van die NLVW, en waar sodanige diens op paaie verskaf word wat die GDVP tolpaaie insluit	
'n Geskeduleerde openbare pendelvervoerdiens, wat 'n gereelde, daaglikse geskeduleerde openbare vervoerdiens is wat ingevolge 'n rooster bedryf word, met insluiting van die vervoer van skoliere en privaat-kontrakpassasiers ("charter services") waar sodanige vervoer op die GDVP tolpaaie deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienste magtig, gemagtig is	
'n Skolierdiens, wat 'n toegewese diens vir die vervoer van skoliere of studente op 'n daaglikse basis beoog in artikel 72 van die NLVW is, waarvoor 'n bedryfslisensie of permit in terme van die NLVW benodig word, en waar sodanige diens op paaie verskaf is wat die GDVP tolpaaie insluit	

5. Voertuigbesonderhede:

Enkelaansoek		Massa-aansoek	

Vertuig 1: Voertuigtipe (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 – 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 tot 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitende die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer : .....
Tipe voertuig : .....
Voertuigmaak : .....

Vertuig 2: Voertuigtipe (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 – 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 tot 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitende die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer : .....
Tipe voertuig : .....
Voertuigmaak : .....

Vertuig 3: Voertuigtipe (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 – 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 tot 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitende die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer : .....
Tipe voertuig : .....
Voertuigmaak : .....

Vertuig 4: Voertuigtipe (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 – 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 tot 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitende die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer : .....
Tipe voertuig : .....
Voertuigmaak : .....

Vertuig 5: Voertuigtipe (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 – 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 tot 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitende die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer : .....
Tipe voertuig : .....
Voertuigmaak : .....

Vertuig 6: Voertuigtipe (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 – 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 tot 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitende die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer : .....
Tipe voertuig : .....
Voertuigmaak : .....

By registrasie van meer as ses voertuie voltooi die Excel-strekblad wat deur die Agentskap verskaf is.

6. Roetes waarvoor registrasie verlang word

Verduidelik asseblief en dui aan op die kaart wat hierby as 'n Bylae aangeheg is, die roete of roetes waarvoor openbare padvervoerregistrasie verlang word. Posisioneringsritte (bv. ritte van die operateur se huis, depot of basis na die aanvangspunt van die rit of terug na die eindpunt van die rit) moet ook aangedui word. Die ritte moet deur 'n geldige bedryfslisensie of permit gemagtig wees waarvan die besonderhede in paragraaf 3 hierbo verskaf moet word.

DEEL B: MOET VOLTOOI WORD DEUR PERSONE WAT VRYGESTELDE NOODVOERTUIE GEBRUIK OF BESTUUR

1. Besonderhede:

Merk die toepaslike blokkie:

Gauteng Provinsiale Regering	
Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit	
Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit	
Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit	
Privaatambulans (meld operateur)	

Posadres en kode: .....

Straatadres indien verskillend van posadres: .....

Telefoonnommer(s) : .....

Faksnommer : .....

E-pos adres : .....

Voller name en van van kontakpersoon: .....

2. Besonderhede van voertuig(tuie)

Besonderhede van die nooddiensvoertuie waarvoor vrystelling verlang word moet verskaf word op die Excel-strekblad wat deur die Agentskap voorsien is. Die doel waarvoor die voertuig gebruik word moet op die Excel-strekblad aangedui word.

Verklaring:

Ek, die ondergekekende (volle name en van) .....

(a) onderneem om te voldoen aan (i) die registrasievoorwaardes soos dit op vrygestelde openbare vervoervoertuie of vrygestelde noodvoertuie van toepassing is (soos die geval mag wees) en (ii) die e-Pad Regulasies; en

(b) sertifiseer dat die inligting verskaf op hierdie aansoekvorm waar en korrek is en doen hiermee aansoek om vrystelling van die betaling van e-tol in terme van die betrokke Vrystellingskennisgeweing gepubliseer deur die Agentskap.

Ek aanvaar dat as die inligting wat op hierdie aansoekvorm verskaf is gevind word vals te wees, die aansoek verwerp sal word.

Vir kantoorgebruik (voltooi te word deur SANRAL GORT-Operateur):

Aansoeknommer: .....

GORT vrystellingsnommer: .....

TAG-nommer: .....

....

Handtekening Datum

Bylae: Kaart van GDVP-roetes waarop aansoeker die verlangde roete of roetes waarvoor vrystelling verlang word, moet aandui.



No. R. 820 **23 Oktober 2013**

DIE NASIONALE PADVERKEERSWET, 1996 (WET No. 93 VAN 1996):

REGULASIES INGEVOLGE DIE NASIONALE PADVERKEERSWET

Ek, Dipue Peters, die Minister van Vervoer maak die regulasies in die Bylae ingevolge artikel 75 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No.93 van 1996).

Dipue Peters

Minister van Vervoer

Bylae

Woordomskrywings

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die Nasionale Padverkeersregulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. R. 225 van 17 Maart 2000, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No's. R. 761 van 31 Julie 2000, R. 941 van 22 September 2000, R. 726 van 3 Augustus 2001, R. 2116 van 5 Oktober 2001, R. 779 van 4 Junie 2002, R. 1341 van 25 September 2003, R. 881 van 23 Julie 2004, R871 van 2 September 2005, R1066 van 23 November 2005, R1318 van 2 Desember 2005, R1319 van 2 Desember 2005, R891 van 4 September 2006, R964 van 29 September 2006, R404 van 4 Mei 2007, R865 of 28 September 2007, R589 van 27 Mei 2009, R359 van 12 Mei 2010, R541 van 29 Junie 2011 en R209 van 9 Maart 2012.

Wysiging van Regulasie 284 van die Regulasies

2. Regulasie 284 van die Regulasies word gewysig deur die volgende omskrywings na die omskrywing van afleweringsvoertuig in te voeg:

"e-pad" 'n tolpad wat as 'n tolpad verklaar is ingevolge artikel 27(1)(a)(i) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, (Wet No. 7 van 1998) waar die aanspreeklikheid

vir die betaling van tol vir die gebruik van die pad slegs deur elektroniese of elektriese toerusting by 'n tolplaza aangeteken word;

"e-tag" 'n elektroniese toestel wat in 'n spesifieke motorvoertuig geïnstalleer is ingevolge die Spesifikasie regulasies gepubliseer ingevolge artikel 58(1)(dB) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998, (Wet No. 7 van 1998) om die spesifieke motorvoertuig te identifiseer wanneer dit onderdeur 'n e-tolplaza beweeg;

'e-tol' tol wat ingesamel word deur 'n elektriese of elektroniese stelsel waar 'n motorvoertuig geidentifiseer word deur elektriese of elektroniese toerusting en die aanspreeklikheid vir die betaling van tol ontstaan wanneer die gebruiker deur die tolplaza beweeg en moet reël om tol te betaal soos bepaal in artikel 27 en 58 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet No. 7 of 1998) .

Amendment of Schedule 1 of the Regulations

3. Schedule 1 of the Regulations is amended by the –

(a) insertion of the following road sign after sign R132:

Wysiging van Bylae 1 van die Regulasies

3. Bylae 1 van die Regulasies is gewysing deur die –

(a) invoeging van die volgende teken na teken R 132:

Pay e-toll sign: COLOURS: Border and symbol: White retro-reflective Background: Blue retro-reflective High visibility Background: Orange retro-reflective Indicates to the driver of a vehicle that he or she is entering an e-road and that he or she shall pay the relevant tolls at the place and in the manner prescribed in terms of section 27 of the South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998).	**R132.2** 	**Betaal e-tol teken:** KLEURE: Rand en simbool: Wit trukaatsend Agtergrond: Blou trukaatsend Hoë sigbaarheidsagtergrond: Oranje trukaatsend Dui vir die bestuurder van 'n voertuig aan dat hy of sy 'n e- pad binnegaan en dat hy of sy die relevante tol moet betaal op die plek en wyse soos voorgeskryf ingevolge artikel 27 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagenskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet No. 7 van 1998)

(b) insertion of the following road sign after sign R535:

(b) invoeging van die volgende teken na teken R 535:

e-Toll Plaza collection ahead sign: COLOURS: As for applicable regulatory sign E-toll symbol: Orange retro-reflective Indicates to the driver of a vehicle, when displayed below regulatory sign R 132.2 that the specific toll road is a an e-road where e-toll is collected.	**R536** 	**e-Tolplaza –invordering vorentoe teken:** KLEURE: Soos vir die toepaslike reëlingsteken E-tol simbool: Oranje trukaatsend Dui vir die bestuurder van 'n voertuig aan, wanneer die teken onder reëlingsteken R 132.2 vertoon word, dat die pad 'n e-pad is waar e-tol verhaal word.

(c) insertion of the following simbol after symbols GDS-22:

(c) invoeging van die volgende simbole na simbool GDS-22:

 GDS-23 BORDER POST	 GDS-24 E-TOLL	 GDS-25 E-TOLL PLAZA AHEAD	 GDS-26 E-TOLL INFORMATION
 GDS-27 E-TOLL PLAZA AHEAD	 GDS-28 E-TOLL PLAZA AHEAD	 GDS-29 E-ROAD AHEAD	 GDS-30 E-TOLL PLAZA AHEAD

GDS-31 E-TOLL PLAZA AHEAD	GDS-32 E-TAG LANE AT TOLL PLAZA AHEAD	GDS-33 MANUAL LANE AT TOLL PLAZA AHEAD	

(d) insertion of the following sign after sign GA8:

(d) invoeging van die volgende teken na teken GA8:

Exit sequence sign with e-toll plaza information: COLOURS: Border and legend: White retro-reflective Background: Blue retro-reflective Interchange numbers, and authority name: Black semi-matt on white retro-reflective Symbol: Orange retro-reflective	**GA8A** 	**Uitgangsvolgordeteken met e-tol plaza inligting:** KLEURE: Rand en bewoording: Wit trukaatsend Agtergrond: Blou trukaatsend Wissellaar nommer, en padowerheid naam: Swart halfdof op Wit trukaatsend Simbool: Oranje trukaatsend

(e) amendment of sign GF1 of the following sign:

(e) wysiging van teken GF1 deur die volgende teken:

Freeway advance exit sign:

GF1.1

GF1.2

Vooraf-deurpaduitgangsteken:

COLOURS:

Border & text:	White retro-reflective
Symbol:	White or coloured retro-reflective
Background:	Brown semi-matt or retro-reflective
Background for use on e-road	Orange retro-reflective
Interchange number:	Black semi-matt on white retro-reflective

KLEURE:

Rand & bewoording:	Wit trukaatsend
Simbool:	Wit of gekleurd trukaatsend
Agtergrond:	Bruin halfdof of trukaatsend
Agtergrond vir gebruik op e–pad:	Oranje trukaatsend
Wisselaarnommer:	Swart halfdof op wit trukaatsend

(f) amendment of sign GF2 of the following sign:

(f) wysiging van teken GF2 deur die volgende teken:

Advance turn sign:

GF2.1

GF2.2

Vooraf draaiteken:

COLOURS:

Border & arrow:	White retro-reflective
Legend:	White retro-reflective
Symbol:	White or coloured retro-reflective
Background:	Brown semi-matt or retro-reflective
Background for use on e- road:	Orange retro-reflective

KLEURE:

Rand en pyl:	Wit trukaatsend
Bewoording:	Wit trukaatsend
Simbool:	Wit of gekleurd trukaatsend
Agtergrond:	Bruin halfdof of trukaatsend
Agtergrond vir gebruik op e–pad:	Oranje trukaatsend

(g) insertion of the following sign after sign IN 25:

(g) invoeging van die volgende teken na die teken IN 25:

e-Toll tariff board – standard and reduced sign: COLOURS: Border: White retro-reflective Symbol: White retro-reflective Background: Blue retro-reflective or semi-matt Top stack: Orange retro-reflective Indicates to the driver of a vehicle what the e-toll fees are for the toll plaza ahead.	**(main road) IN25A.1 (hoofpad)**  **(cross road) IN25A.2 (dwarspad)**  	**e-Toltarief-bord – standaard en vereenvoudigde teken:** KLEURE: Rand: Wit trukaatsend Simbool: Wit trukaatsend Agtergrond: Blou trukaatsend of halfdof Boonste stapel: Oranje trukkaatsend Dui vir die bestuurder van 'n voertuig aan wat die e- tolgelde vir die tolplaza vorentoe is.

(h) insertion of the following signs after sign IN 27:

(h) invoeging van die volgende tekens na die teken IN 27:

e-Toll Information for payment sign: COLOURS: Border: Black retro-reflective Legend: Black retro-reflective Symbol: Black retro-reflective Background: White retro-reflective or semi-matt Top stack: Orange retro-reflective Provides road users with information on the payment of e-toll.	**IN 28** 	**e-Tol inligting vir betaling-teken:** KLEURE: Rand: Swart trukaatsend Simbool: Swart trukaatsend Agtergrond: Wit trukaatsend of halfdof Boonste stapel: Oranje trukaatsend Verskaf aan padgebruikers inligting aangaande die betaling van e-tol.

e-Toll collection information sign: COLOURS: Border: Black semi-matt and white retro-reflective Legend: Black semi-matt and white retro-reflective Symbol: Black semi-matt Background: White retro-reflective Top stack: White retro-reflective Provides information to road users with regard to e-toll collection .	**IN 29** 	**e-Tol invordering inligtingsteken:** KLEURE: Rand: Swart halfdof en wit trukaatsend Simbool: Swart halfdof en wit trukaatsend Agtergrond: Wit trukaatsend en blou trukaatsend Boonste stapel: Wit trukaatsend Verskaf inligting aan pad gebruikers aangaande die invordering van e-tol.

(i) insertion of the following road marking after road marking RM 17:

(i) invoeging van die volgende padmerk na padmerk RM 17:

e-Toll road marking: COLOURS: Legend: White retro-reflective Background: Orange retro-reflective Indicates to the driver of a vehicle that he or she is entering an e- road and that he or she shall pay the relevant tolls at the place and in the manner prescribed in terms of section 27 of the South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998).	**RM 18** 	**e-Tolpad merk:** KLEURE: Simbool: Wit tru-kaatsend Agtergrond: Oranje-trukaatsend Dui vir die bestuurder van 'n voertuig aan dat hy of sy 'n e-pad binnegaan en dat hy of sy die relevante tol moet betaal op die plek en wyse soos voorgeskryf in die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagenskap Beperk en Nasionale Paaie, 1998 (Wet No. 7 van 1998)

Korttitel en implementering

4. Hierdie Regulasies heet die Twintigste wysiging van die Padverkeersregulasies en tree in werking op 'n datum soos bepaal deur die Minister in die *Staatskoerant*.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**